


L. CHANGUION. *Letaba-kommando's/commandos, 1889-1989*. Promedia Publikasies: Tzaneen, 1989. 192 pp. Geïll. Prys onvermeld.
ISBN 0 620 141506.

Die Letaba-kommando's het 'n wyse besluit geneem toe hulle dit aan prof. Louis Changuion opgedra het om hul geskiedenis te boek te stel. Sedert hy in 1982 aan die Universiteit van die Noorde verbonde is, is hierdie sy derde werk wat oor die noordelike streke van die land handel. Sy *Pietersburg: die eerste eeu, 1886-1986* is in 1986 gepubliseer en *Haenertsburg 100, 1887-1987* 'n jaar later.

Marie van der Steen, Changuion se medewerker, is al etlike jare verbonde aan die Merensky Hoërskool by Tzaneen en sedert 1979 ook aan die Letaba-kommando. Met dié militêre agtergrond het sy sinvol bygedra as navorser en ook gehelp om die boek in albei landstale uit te gee.

Changuion het sy onderwerp wyd aangesny en ook die herkoms van die woord 'kommando' sowel as die oorsprong en bestaan van kommandostelsels in Suid-Afrika beskryf. Die boek dek dus 'n wyer belangeveld as die van plaaslike kommandolede oor wie se geskiedenis dit eintlik gaan. Die verhaal speel hom af teen die agtergrond van die vestiging van blankes in die gebied meer as 'n eeu gelede. Daar word aandag gegee aan die tienjarige oorlog waarin die blanke pioniers met die plaaslike bevolking gewikkel was. Die was skaars verby, toe die Tweede Anglo-Boereoorlog in 1899 uitbreek en lede van die Letaba-kommando opgeroep is om hul land te verdedig.

Ná die oorlog het die kommandostelsel herleef met die Unie-Verdedigingsmag se sogenaamde Skietkommando's. Dit was vreedsame jare van skietkompetisies wat hoofsaaklik om die beoefening van die sport en die kweek van liefde vir 'n geweer gegaan het. By landsverdediging was hulle nie betrokke nie. Nadat terrorisme in 1961 in Suider-Afrika begin en sedert die 1980's ook op die Transvaalse noordgrens voorgekom het, is aan die kommando's weer 'n pertinente verdedigingstaak opgedra — iets wat met ywer en toewyding verrig is.

Die kwyn en groei van kommando's die afgelope eeu het ten nouste met die lotgevalle van die plaaslike gemeenskappe saamgeval. En dit maak van *Letaba-kommando's* 'n waardevolle studie; want ofskoon die boek die lotgevalle van militêre eenhede uitbeeld, bied dit in der waarheid veel meer: die geskiedenis van 'n streek en sy mense.

*SOPHIA DU PREEZ*
*Militêre Akademie, Saldanha*